Ontmoeting 17 Paulus se Visioen en

Lidia was die eerste bekeerling in Europa.

Teks: Hand 16:6-15

Hulpmiddels:

- *Groot pers laken of lap (Of gebruik net 'n beskikbare laken vir die speletjie en kry 'n stukkie pers materiaal om te gebruik wanneer jy die verhaal vertel.)*
- *Klomp opgeblaasde ballonne in 'n boks*
- *Emmers met water – een vir elke groep*
- *Kleiner emmertjies of bakkies wat ewe groot is – een vir elke groep*
- *Hartvorms uit badsponse gesny – een vir elke groep*
- *Sandboks met karakters (Paulus, Timoteus, Man van Masedonië, Lidia, ander vrouens)*
- *Boot en rivier vir sandboks*

WELKOM

Ballonne pret:

Neem 'n groot pers laken of lap en laat die kinders om die rand van die laken vashou. Gooi nou 1 ballon op 'n slag in die middel van die laken. Die kinders moet sorg dat die ballonne op die laken bly. Een kind sit onder die laken en probeer die ballonne van die laken af slaan. Speel totdat al die ballonne van die laken af geval het.

Vir 'n groot groep kan die kinders in kleiner groepies van tot 15 kinders ingedeel word. Gee vir elke groep 'n laken en ballonne.

Sponshart-speletjie:

Deel die kinders in groepe op. Voor elke groep is 'n emmer vol water. By die eindpunt is 'n kleiner emmertjie of ander bak wat leeg is. Wanneer die speletjie begin, kry die voorste kinders kans om die sponshart in die water te doop, met die spons te hardloop tot by die ander emmertjie/bakkie en die water daarin uit te druk. Hy/sy hardloop dan weer terug en gee die spons vir die volgende kind. Elke kind wat klaarmaak, gaan staan weer agter in die ry. Die groep wie se emmertjie/bakkie eerste vol water is, wen.

WYDING

Temalied: "Ek wandel in die Lig van God"
"I have decided to follow Jesus"

Stilword-ritueel:

Laat die kinders hul oë toemaak. Laat hulle kyk na die donker en lig patrone binne die ooglede. Sê na 20 tellings in 'n rustige stem (terwyl hul oë toebly): "God se lig skyn altyd voor ons, of dit donker of lig in ons lewe is. Vra God om die donker dinge in jou lewe vir jou te wys en jou te help om dit weg te neem."

Terwyl die kinders rustig is, bly hulle net so sit met toe-oë. Sê nou: "Verbeel jou jy trek jou skoene uit … Jy loop op klippe … Jy voel hoe party klippe jou voete seermaak en ander gladder voel …Jy voel nou sagte grond onder jou voete ... En nou is daar sagte gras om op te loop ... Dit voel lekker sag en koel onder jou voete ... Jy sien 'n rivier voor jou ... Verbeel jou jy loop verder op die sagte gras totdat jy onder 'n boom langs die rivier gaan lê en rustig asemhaal."

WOORD

Verlede keer het ons gehoor wat alles met Paulus op sy eerste sendingreis gebeur het. Daarna het Paulus en Barnabas na Jerusalem gereis *(wys met die sandaaltjie)* om by die vergadering wat daar gehou is, te vertel van hul eerste reis.

Toe is hulle weer terug na Antiogie. Die volgende jaar het Paulus saam met 'n ander gelowige, Silas, op sy tweede sendingreis vertrek. Hulle het oor land gereis om die gelowiges in Derbe, Listra en Ikonium te besoek. By Listra het Timoteus by hulle aangesluit. Timoteus was 'n jongman wat by sy ma Eunice en sy ouma Loïs van Jesus geleer het.

Terwyl hulle in Troas was, het Paulus een nag 'n visioen gehad. Dis amper nes 'n droom. Hy het gesien dat 'n man van Masedonië hom smeek om na hulle toe te kom om hulle te help. Hy het gevoel dat dit 'n dringende oproep was en het dadelik reggemaak en na Masedonië vertrek.

Paulus het Silas, Lukas en Timoteus saamgeneem. Hulle het die eiland Samotrake besoek en daarna na Neapolis gereis. Dit was die hawestad van Filippi.

(Maak die reistas oop en haal die figuurtjies vir die sandboks daaruit. Haal ook 'n pers lap en 'n skulp uit die tas wanneer jy van Lidia se beroep vertel.)
Gebruik 'n sandboks om die storie te vertel.
Hulle het 'n hele paar dae in Filippi gebly. Hulle het na 'n plek gesoek om te bid en het buite die stad op die regte plek afgekom. Daar was altyd 'n klomp mense langs die rivier wat daar gaan bid het. Op dié Saterdag was daar 'n klomp vrouens. Een van hulle se naam was Lidia. Sy het baie mooi geluister na alles wat Paulus gesê het, want sy het vir God aanbid.
Lidia was 'n baie ryk sakevrou in daardie tyd. Die koninklikes en ryk mense het gewoonlik gordels (belde) van pers materiaal om hul middels gedra. Hulle het die lap by haar gekoop. *'n Mens het omtrent 4000 skulpe nodig om 'n klein bietjie materiaal te kleur. Die skulpe kom net in daardie stukkie van die see voor*. Die Here het haar hart ontvanklik gemaak en sy het daardie dag ook 'n christen geword. Sy en almal wat saam met haar in die huis gebly het, is gedoop. Sy het vir Paulus-hulle genooi om by haar oor te bly. Hulle het toe vir 'n hele rukkie daar gebly en baie in die stad gepreek.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat is die belangrikste deel van die verhaal.
2. Ek wonder wie jy is in die verhaal.
3. Ek wonder hoe dit sou voel om daar te wees.

WERSKAF

- ◊ Verpligte aktiwiteit: Laat die kinders hul paspoorte bring om gestempel te word.
- ◊ Gebruik die patroon van die skulpie. Die kinders skryf Lidia se naam op die voorkant van die skulp. Binne-in is die teks: Hand 16:14 – 15a: "Lidia ... het handel gedryf met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak. Sy en haar huisgesin is gedoop."
- ◊ Soek en omkring die woorde in die "Soek die woorde"-tabel.
- ◊ Vertel weer die storie met die sandboks.
- ◊ Maak twee harte, een van waspapier en een van 'n koffiefilter. Laat die kinders koekkleursel of ink met 'n druppertjie op elke hart drup. Hulle sal sien dat die waspapier nie die ink wil absorbeer nie, maar die kladpapier wel. Verduidelik aan hulle dat ons harte gereed moet wees om God se Woord te absorbeer (soos die kladpapier).

Sluit af met die seënbede:

"Die Here sal Sy lig elke dag op jou laat skyn sodat jy kan weet wat reg en wat verkeerd is. Amen."

Kyk of jy al die woorde hieronder in die blok met letters kan opspoor. (Party mag dalk dwars wees, hoor.)

Paulus

Timoteus

Lidia

Filippi

Rivier

Boot

Pers

Skulpe

O	L	I	D	I	A	W	W	Y	O
K	P	S	K	R	F	V	G	X	V
O	W	K	Q	P	I	E	L	E	R
X	M	U	V	E	L	V	Z	S	N
P	F	L	W	R	I	D	I	D	I
A	K	P	O	S	P	E	H	E	S
U	O	E	G	K	P	V	M	T	R
L	B	O	O	T	I	V	I	L	N
U	T	I	M	O	T	E	U	S	U
S	G	V	Y	P	X	X	W	L	N

“Lidia...
het handel ge-
dryf met
pers wolmateri-
aal en was van
Tiatira afkom-
stig.
Die Here het
haar vir
Paulus se
woorde
ontvanklik